


Rhus keeti Avontuurkamp

21 - 28 Maart 2020

Geagte Verkenner!

Die TYD is nou! Die getalle sal nooit weer so oplyn nie, so kom wees deel van hierdie geskiedkundige gebeurtenis, want Rhus keeti word 20 in 2020. Hiermee nou ek jou hartlik uit om TYD op sy te sit om die TYD van jou lewe te kom hê en die parTYDtjie van die dekade saam met my te kom vier.



Natuurlik moet daar tydens 'n feesjaar iets groot gebeur en bo en behalwe al die feesvieringe wat ons gaan hou, bied Rhus keeti ook hierdie jaar vir die eerste keer Avontuur Vasbyt aan. Avontuur Vasbyt is 'n avontuur sport wat bestaan uit verskillende aktiwiteite waar deelnemers deelneem in spanne. Die spanne navigeer van kontrole punt tot kontrole punt terwyl hulle verskillende aktiwiteite voltooi en uitdagings oorkom. Kom leer en ervaar **Avontuur Vasbyt** (RI 600) saam mede vories wat dieselfde belangstelling en liefde vir avontuur het as jy. Kom ervaar die natuur se skoonheid op 'n unieke manier. (slegs vir graad II - 12).

Terwyl ons lekker parTYDtjie hou, kan jy sommer ook meer kom leer van die veld en oorlewing by **Veldvernuf** (RI 250) of kom beoefen jou strategiese beplanning en uitvoering by **Verfbal** (RI 500) (slegs vir Graad 8's en 9's).

Jy kan ook in die natuurskoon van die Waterberge meer oor bome kom leer by **Boomidentifisering** (RI 250) of voëls kom uitken by **Voëlidentifisering** (RI 250). Vir die kunstige en moderne Verkenner, is daar kursusse soos **Fotografie** (RI 250) en **Sterrekunde** (RI 250) (oop vir alle grade).

Vir die senior Verkenners (Graad 10 - 12) is daar sommer 'n klomp ekstra kursusse om van te kies. Maar let wel, van dié kursusse vereis 'n 20% deposito om jou plek in die kursus te bevestig.

Indien jy reeds jou leerling- of bestuurslisensie het kan jy jou bestuursvaardighede kom verbeter by **4x4 Veldry** (RI 750). **Bergfiets** (RI 250), **Gevorderde Boogskiet** (RI 800), **Jag- & Wildbeheer** (RI 600), **Kampbeveiliging** (RI 250), **Rotsklim** (RI 600) en **Ruimteselfbehoud** (RI 800) word ook weer op die kamp aangebied.

So Verkenner, die TYD het aangebreek om vir die kursus van jou keuse in te skryf! Jy kan aanlyn inskryf by <http://inskrywings.voortrekkers.co.za>, maar moet nie TYD mors, want die inskrywings sluit op **1 Maart 2020**.



Busvervoer is beskikbaar teen R330. Die bus vertrek Saterdag, 21 Maart 2020 om 08:00 vanaf Hoërskool Waterkloof en sal weer terugkeer Saterdag, 28 Maart 2020. Indien jy met die bus wil ry, maak seker dat jy die opsie kies op jou inskrywingsvorm.

Ek sien uit om hierdie jaar saam met elkeen van julle op Rhus Keeti Avontuurkamp parTYDtjie te hou!



Voortrekkergroete,

Charl
Kompleier